

**18 Mei**

**Skrifgedeelte: Nehemia 1:4-11**

**Fokusgedeelte: Nehemia 1:4**

**Wat kan ek vir jou doen?**

Jy het gevra hoe dit gaan. Hiermee het jy jou reeds verbind. Wat gaan jy nou doen met die antwoord wat jy gekry het? Gaan jy jou verder verbind?

Jy kan kennis neem van die antwoord en in jou gemaklike voortlewe.

Jy kan op 'n afstand betrokke raak en iets doen soos om 'n brief te skryf of om kleingeld uit jou sak uit te haal.

Jy kan voluit betrokke raak.

Nehemia ontvang slegte tyding op sy navraag oor die volk in Jerusalem. Die eer van die Here lê aan skerwe in Jerusalem. Dit gaan nie goed met sy medegelowiges nie. Hy reageer met sy hele wese (vers 4). Hy gaan sit en huil en treur dae lank. Hy vas en bid – vier maande lank.

Raak jy nog emosioneel oor die eer van die Here? Hoe is dit moontlik dat die toestand van jou en jou geloofsgenote, die kerk van die Here, jou nie raak nie? Gaan eers na die Here toe voordat jy optree en ingryp. Gaan verootmoedig jou voor die Here. Gaan vind uit wat jou roeping is in die situasie en wat die Here wil hê dat jy teenoor 'n persoon en in die kerk van die Here moet doen.

Bid – met lofprysing (vers 5) en met 'n kollektiewe skuldbelydenis (vers 6). Soek biddend na die beloftes van God (vers 8) en smek Hom om leiding baie spesifiek in die saak (vers 11).

Nou, nadat jy die roeping van die Here in die omstandighede by die Here ontdek het, moet jy jou navraag opvolg. Wat kan ek vir jou doen?

*Ds HS Coetzee (Potchefstroom-Noord)*